# RAADSBELEID

ONDERWERP : KWALIFIKASIE VEREISTE VIR POSTE VAN VERKEERSBEAMPTE

VERWYSING : 4.1.2.3

BESLUIT NR : 13.11/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om persone as Verkeersbeamptes in diens te neem wat oor die nodige kwalifikasie vereistes beskik.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS:
Om toe te sien dat kwalifikasie vereistes streng nagevolg word met die aanstelling van Verkeersbeamptes.

RIGLYNE

1. Dat, met die kwalifikasie- en ervaringsvereistes vir die poste van Verkeersbeamptes soos voorgeskryf deur die Nywerheidsraad per skrywe gedateer 26 Junie 1996, soos uiteengesit, volstaan word.

| POSBENAMING | POSVLAK | KWALIFIKASIEVEREISTES | ERVARINGSVEREISTES |
|---|---|---|---|
| Verkeersbeampte Gr I | 8 | Gr 10 + Deel II van IVB | 3 jaar |
| Verkeersbeampte Gr II | 9 | Gr 10 + Deel I van IVB | 3 jaar |
| Verkeersbeampte Gr III | 11/10 | Gr 10 + Basiese Opleiding | 3 maande |
| Leerlingverkeersbeampte | 12 | Gr 10 | Geen |

2. Dat poste van Verkeersbeampte Graad 3, Graad 2 en Graad 1 uitruilbaar gemaak word en dat bekleërs van poste van Verkeersbeampte Graad 3 en Graad 2 by verwerwing van die nodige kwalifikasies en diensjare op aanbeveling van die Direkteur en met goedkeuring van die Raad, in sy eie pos na die volgende hoër rang bevorder kan word.

PROSEDURE
Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die persoon doen aansoek vir die vakante pos.

2. Dat die prosedure soos vervat in die Aanstellingsbeleid by die opstel van die kortlyste gevolg word.

ROLLE
Voorsitter van die Komitee vir Menslike Hulpbronne en Sosiale Dienste, Hoof Menslike Hulpbronne, Senior Personeelbeampte (Werwing en Keuring), Hoof Verkeersdienste en Voorsitters van erkende en geregistreerde vakbonde of gedelegeerde.

VERWANTE BELEID

1. Aanstellingsbeleid.
2. Vaardigheidsontwikkelingsbeleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.